Nuwejaarsboodskap
Liewe broer, susters & kinders

So staan ons aan die begin van 'n nuwe jaar – met oop hande, oop harte en 'n diepe dankbaarheid vir elkeen van julle.

2025 lê agter ons met sy vreugdes en uitdagings, sy oorwinnings en seer, sy lag en sy trane, en deur dit alles het ons saam gestap as geloofsfamilie, as liggaam van Christus, as mense wat mekaar dra.

Met 2026 wat voor ons lê weet ons nie wat elke dag gaan bring, maar ons weet **WIE** saam met ons stap. Ons Here gaan ons vooruit, Hy loop langs ons en Hy dra ons wanneer ons moeg raak. Dankie dat julle 'n gemeente is waar mense mag tuiskom, waar geloof groei, waar gebede opgaan en waar liefde sigbaar word in dade.

Mag hierdie jaar een wees waarin ons ons weer leer om stil te word, te luister en met oop oë te leef. Mag ons mekaar se laste dra en mekaar se vreugdes vier.

Mag ons saam ontdek dat God se genade elke môre nuut is. **Klaagliedere 3: 22 & 23.**

Mag die Here jou voorloop en lei.
Mag Hy jou hand vashou wanneer die pad steil raak.
Mag Sy vrede jou huis vul en Sy hoop jou hart anker.
En mag jy elke dag onthou: jy stap nie alleen nie. Amen

Ds Chris, Martie, Jaco & Kerkraad